**NOTULE**

**2013 ALGEMENE JAARVERGADERING**

**15 AUGUSTUS 2013 - PORTERVILLE**

| 1. | **Opening en verwelkoming** |
|---|---|

Peter verwelkom almal teenwoordig op die vergadering. Spesiale welkom word gerig aan Anthony Pedro, SFF Association, Bertus Senekal (Weskus Distrik Munisipaliteit – Brandweer) en Greg Forsyth (CSIR).

Jakobus Smit open die vergadering met gebed.

Op die vergadering is 42 lede teenwoordig en verskoning vir 55 lede word aangebied. Lys van verskonings word aangeheg.

Charl stel nuwe personeellede voor aan lede:

Samantha Schröder (GEF Voorligtingsbeampte); Wimpie van der Merwe (Areabestuurder – Weskus), David Cleophas (Basisbestuurder Hopefield) en Henda Kellerman (Operasionele Ondersteuning).

| 2. | **Goedkeuring van vorige notule** |
|---|---|

Die vorige notule (24 Julie 2012) word deur die Vergadering goedgekeur. Notule word voorgestel deur Kobus Eigelaar en gesekondeer deur Jakobus Smit.

| 3. | **Finansiële Verslag** |
|---|---|

Jacomien Britz lê die finansiële verslag vir tydperk Maart 2012 – Februarie 2013 aan die vergadering voor.

- 'n Groei in ledetal word aangetoon en toegeskryf aan Weskus BBV wat in Julie 2012 deel van GCFPA geword het.
- Die Vereniging het 'n verlies van R56 149.61 vir 2013 teenoor R13 350.36 van 2012. 'n Verlies van R38 091.32 word toegeskryf aan Waardeverminderings van die vaste bates. Die oorblywende R18 058.29 is uitstaande skuld van lede van die ou Weskus BBV.
- Ander inkomstes word ontvang van onderskeidelik WoF (Working on Fire) vir vervoer (R23 328.60) vir ritte wat GCBBV vir WoF doen. Geld word ook ontvang van GEF (R90 837) vir huur van kantoorspasie in die GCBBV kantore sowel as Internetkostes wat deur GEF (Global Environmental Fund) betaal word.

Peter verduidelik dat die GEF gelde nog vir 2 jaar bewillig gaan word, waarna die mikpunt is dat die GCBBV selfvoorsienend moet wees.

Klem word gelê op die uitstaande ledegelde (R150 139.18) wat steeds vir 2013 seisoen uitstaande is. Die Vergadering besluit dat die Bestuurseenheid verteenwoordiger 'n lys moet ontvang van uitstaande ledegelde in sy eenheid, en dat die persone dan gekontak

| | |
|---|---|
| moet word. Die Vergadering keur die Finansiële Verslag goed. | |
| **4.** | **Wysigings aan die Grondwet** |
| | 4.1. *Vasstelling van jaarlikse verhoging in ledegeld.* Voorstel word ingedien dat ledegelde vir die volgende 3 jaar jaarliks outomaties met 10 % verhoog, waarna dit weer na 3 jaar hersien sal word. Die Vergadering keur die voorstel goed. Voorstel word gesekondeer deur Marius Huysamer en Joepie Burger. |
| **5.** | **Verkiesing van Voorsitter en Onder- Voorsitter(x2)** |
| | Huidige Voorsitter en Onder – Voorsitter word herverkies. Peter Steyn word genomineer as Onder – Voorsitter vir die Weskus area, en aanvaar die nominasie.<br><br>Voorsitter: Peter Dorrington, Onder voorsitters: Rudolf Andrag en Peter Steyn |
| **6.** | **Western Cape Umbrella FPA** |
| | Peter Dorrington gee terugvoer oor die werksaamhede binne die WCUFPA. (Western Cape Umbrella Fire Protection Association). |
| **7.** | **Jaarverslag 2012 – 2013** |
| | Charl gee terugvoer oor die afgelope jaar. Die Vergadering bedank Charl vir sy bydrae tot die GCBBV.<br><br>**Vraag en antwoord:**<br>Hoekom word die FDI nie meer uitgestuur nie? Die probleem is by DAFF (Department of Agriculture Forestry and Fisheries) aangesien hulle 'n nuwe stelsel wou implementeer wat toe nie realiseer het nie. GEF het toe die SA Weerdienste genader om plaaslike FDI te genereer wat toe gewerk het.<br><br>Kan die brandpermitstelsel nie meer plaaslik uitsorteer word nie, rit van die Brandweer na plaas toe dalk onnodig? Volgens Wet moet die gebied wat gebrand moet word deur die brandweer besoek word vir die nagaan van toerusting en brandplanne. |
| **8.** | **GEF / GVBBV Voorligtingsbeampte** |
| | Samantha Schröder gee terugvoering oor haar werksaamhede. Kobus Eigelaar versoek dat daar aandag gegee moet word aan die bestuur van die oop vuilgoedgat by Goedverwacht wat aan sy grond grens. Vergadering versoek Samantha om daaraan aandag te skenk met haar FireWise projek. |
| **9.** | **Weskus Distrik Munisipaliteit - Brandweerdienste** |
| | Bertus Senekal gee terugvoer aan die vergadering rakende die volgende:<br><br>• Weskus Distriksmunisipaliteit het eie IC (Incident Command) bus gekry en dit behoort binne 2 maande operasioneel te wees.<br>• Weskus Distriksmunisipaliteit het 10 000L water tanker aangeskaf.<br>• Draagbare damme (3000 L) is aangeskaf sodat voertuie daar kan volmaak en nie nodig het om te ry vir water nie.<br>• Lede van DM het ICS opleiding gehad, en 'n volgende sessie word in Oktober beplan.<br>• Die Brandwet se boetelys is goedgekeur en aanvaar deur plaaslike |

| | |
|---|---|
| | landdrosse, so die Wet kan nou toegepas word.<br>• Brandpermitte se geldigheid is verleng na 3 maande.<br>• Bertus beklemtoon weereens dat vliegtuie tydens 'n brand slegs deur die Brandweer uitgeroep sal word indien menselewens of eiendom deur die vuur bedreig word.<br>• Die Provinsiale Rampbestuur Sentrum betaal die eerste uur van die vliegtuig, daarna is dit die verantwoordelikheid van die grondeienaar. Hy moedig lede aan om hul versekering in orde te kry indien hulle 'n vliegtuig sou benodig.<br>• Bertus versoek lede om in die geval van 'n brand, die noodnommer **022 – 4338700** te bel en nie die onderskeie brandweerstasie nie.<br><br>**<u>Vrae en antwoorde:</u>**<br><br>Indien plaas oor 2 distriksmunisipaliteit distrikte strek, watter een moet gebel word? Dit word bepaal deur waar die vuur begin het, en verder bestaan daar samewerkings-ooreenkomste tussen die Dienste sodat hulle mekaar kan help op die grensgevalle.<br><br>Hoe onderskei die DM tussen vuur aanmeld en uitroep na vuur? As 'n vuur by die noodnommer aangemeld word sal daar voetuie uitgestuur word. Anders kan die Porterville Sentrum geskakel word by **071 351 0790** om net aan te meld dat daar 'n vuur brand. |
| **10.** | **Spesiale bedankings** |
| | Die volgende persone word spesiaal deur Charl bedank vir hul insette en/of bydraes aan die GCBBV:<br><br>SFF Association - skenk van rekenaars en drukker. Dit word op die Hopefield en Piketberg basisse gebruik.<br>Willie Olivier - skenk van oorpakke vir Basis Bestuurders<br>Johan Heine – Working on Fire vir die bydrae wat WoF maak<br>Henry Prins - Weskus Distrik Munisipaliteit vir brandbestryding |
| **11.** | **Gasspreker: Fire Risk in the GCFPA -** Greg Forsyth (CSIR) |
| **12.** | **Afsluiting -** Die voorsitter bedank almal teenwoordig en die vergadering verdaag om 12:45. |